

HUIS
Daglelie
SEDERT 2024

# Eerstejaarsgids 2026



# Huiskomitee 2025/2026



**MEGAN SMIT** _ Primaria en Dissipline

*Studierigting:*

BEd (Intermediêre fase-onderwys)

*Slagspreuk:*

"Droom met dapperheid, glo sonder grense, en as jou drome jou nie 'n bietjie laat bewe van afwagting nie, is die droom nog nie groot genoeg nie."



**ARMI ERASMUS** _ Seniors en Klerasie

*Studierigting:*

BCom (Ondernemingsbestuur)

*Slagspreuk:*

"She achieved success who has lived well, laughed often, and loved much."



**ANNERINE STEYN** _ Kuns en Kultuur en Instandhouding

*Studierigting:*
BEd (Intermediêre fase-onderwys)

*Slagspreuk:*
"Enjoy being in the process of becoming."



**CATRIEN BOSHOFF** _ Eerstejaars en Sosiaal

*Studierigting:*
BEd (Grondslagfase-onderwys)

*Slagspreuk:*
"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende hand." – Jesaja 41:10



**CHARNÉDETTE JOUBERT**
_ Gemeenskap, Finansies en Sekretaresse

*Studierigting:*
BCom (Finansiële en Bestuursrekeningkunde)

*Slagspreuk:*
"Tough times will always pass, but the strength, resilience and confidence you carry within will guide you through – allowing life to let better things fall beautifully into place."



**MIAMIEN VAN DER RYST** _ Sport en Geloof, Onderprimaria

*Studierigting:*
BCom (Ekonomie en Regte)

*Slagspreuk:*
"Sukses is nie finaal nie, mislukking is nie fataal nie: dit is die moed om aan te gaan wat tel."



**VERONIQUE LE ROUX**
_ Bemarking en Kommunikasie en Akademie

*Studierigting:*
BCom (Ondernemingsbestuur)

*Slagspreuk:*
"Whatever is worth doing at all, is worth doing well." – Philip Stanhope

# Ontmoet jou daghuisma

**SUSAN O'REILLY**



Liewe Daglelie-dame

Die daglelie, na wie ons huis vernoem is, simboliseer méér as net skoonheid, vroulikheid en onafhanklikheid. Dit is ook ŉ teken van deursettingsvermoë, selfstandigheid en vernuwing. Elke oggend open die blom wanneer die son opkom, ŉ herinnering daaraan dat ons elke dag ŉ nuwe geleentheid ontvang – wat ŉ voorreg!

Ons visie is eenvoudig: Huis Daglelie wil ŉ plek wees waar dames wat privaat woon steeds tuis kan voel – deel van ŉ familie, van die bruisende studentelewe, en van mekáár. Hier vorm ons verhoudings wat veel dieper as vriendskap strek. Hier bou ons aan ŉ familieband wat op empatie, ondersteuning en kameraadskap gegrond is. Dit is binne hierdie band waar jy ware susterskap sal ervaar; ŉ omgewing waar jy aanvaar, waardeer en versorg voel.

Ons waardes – waardigheid, barmhartigheid en toewyding – rig elke Daglelie-dame se woorde en dade. Jy word aangemoedig om jou gawes met oorgawe te gebruik, betrokke te wees en iemand te wees op wie ander kan staatmaak.

Ons gesin ervaar dit as ŉ besondere seën om saam met jou op hierdie pad te mag stap en, al is dit net in ŉ klein mate, ŉ bydrae tot jou vorming en studiereis te lewer.

Mag jou tyd by Huis Daglelie jou nie net akademies versterk nie, maar ook tot ŉ vrou van trots, veerkragtigheid en verbondenheid vorm. Koester elke oomblik – jou tyd hier is uniek en waardevol.

Met trots en opgewondenheid
Susan O'Reilly

Klik **HIER** om kennis te maak met Huis Daglelie en jou koshuisouer

# Brief van jou primaria

## MEGAN SMIT




Liewe Bloeisel

Welkom by Huis Daglelie, jou nuwe tweede huis waar ŉ familie wag om jou met oop arms te ontvang. Dit is ŉ plek waar jy altyd gesien, aanvaar en waardeer sal word net soos jy is.

Jou eerste jaar kan soms ŉ vreemde tyd wees. Jy stap ŉ pad gevul met nuwe gesigte, asook uitdagings, en dit kan maklik oorweldigend voel, maar jy hoef dit nooit alleen te doen nie. By Huis Daglelie stap ons saam. Jy sal vinnig agterkom dat daar altyd iemand is wat bereid is om jou by te staan wanneer jy onseker voel, jou te bemoedig wanneer jy moed verloor, of eenvoudig ŉ koffie saam met jou te drink wanneer jy geselskap nodig het. Hier vind jy susters wat saam met jou lag, huil, droom en hoop.

Ons leef elke dag volgens drie waardes, naamlik barmhartigheid, waardigheid en toewyding, wat die hart van ons huis en die fondasie waarop ons susterskap gebou is, vorm. By Huis Daglelie glo ons dat elke bloeisel en lelie unieke vaardighede het en lig in haar dra. Jou tyd hier gaan jou geleentheid wees om daardie lig te laat skyn, om jou talente te ontdek, jou stem te vind en jou volle potensiaal uit te leef. Ons harte klop pers, want ons is trots op wie ons is, en jy is nou deel van daardie trots. Jou deelname, betrokkenheid en oop hart vir nuwe ervarings gaan bepaal hoe mooi hierdie jaar vir jou gaan wees.

Hier maak jy herinneringe wat jy jou lewe lank sal koester. Jy gaan nie net vriendinne maak nie, maar susters wat langs jou sal staan in die beste en moeilikste tye. Jy gaan leer dat die woord "huis" nie mure en dakke beteken nie, maar mense. Mense wat jou dra en jou lewe verryk. Ek, die HK en jou daghuisma is hier om jou te ondersteun.

Mag jou eerste jaar in Huis Daglelie een wees van groei, hoop, vriendskap en vreugde. Mag jy jouself ontdek, leer hoe sterk jy is en altyd onthou dat jy nooit alleen is nie. Hier het jy ŉ familie, ŉ tuiste en sustersbande wat jou hart vir altyd pers sal laat klop.

Lelie-liefde
Liliana Megan

Klik **HIER** om kennis te maak met Huis Daglelie en jou primaria

# *Brief van jou eerstejaars-HK-lid*

CATRIEN BOSHOFF



Liewe Bloeisel

Dit is vir my ŉ groot voorreg en eer om jou by Huis Daglelie te verwelkom! Ek kan nie wag om hierdie jaar saam met jou deur te bring, jou beter te leer ken en deel te word van jou reis hier by Akademia nie.

By Daglelie glo ons dat elke nuwe jaar nuwe groei bring en jy is nou deel van daardie groei! Ons sien uit daarna om saam te lag, te leer en herinneringe te bou wat vir altyd by ons sal bly.

Ons waardes – toewyding, barmhartigheid en waardigheid – vorm die hart van ons huis.

Toewyding beteken dat ons alles wat ons doen, met oorgawe en trots doen, hetsy dit in jou studie, jou huisaktiwiteite of jou verhoudings is.

Barmhartigheid herinner ons om sagmoedig en geduldig te wees met onsself en met mekaar, want ons almal groei op verskillende maniere. Waardigheid is die wete dat jy waarde het, nie omdat jy iets verdien het nie, maar omdat jy deur God se hand gemaak is.

As Huis Daglelie-dames moet ŉ mens elke dag strewe daarna om hierdie waardes voluit te lewe.

Ons as HK-span is hier om jou te ondersteun, te dien en te help om jou tyd as student so lekker en betekenisvol as moontlik te maak. Moet asseblief nooit huiwer om na ons toe te kom vir hulp, raad of sommer net ŉ geselsie nie. Jy hoef niks alleen aan te pak nie, hier het jy susters wat vir jou omgee en saam met jou die mooi en moeilik deel.

Mag jy hierdie jaar blom waar jy geplant is en mag dit vir jou ŉ jaar vol groei, nuwe vriendskappe en selfontdekking wees. Ons glo in jou en sien uit om te sien wat jy alles gaan bereik!

Lelie-liefde
Liliana Catrien

# Koshuiswaardes

**WAARDIGHEID** ***soos gekoesterde juweel, word daar tot diepgewortelde besef van eiewaarde gespreek.***

ʼn Huis Daglelie-dame dra waardigheid as kroon van trots. Hierdie trots rig haar woorde en dade, en sy tree ten alle tye met respek op. Respek vir haarself, haar Daglelie-familie en haar gemeenskap.
ʼn Daglelie-dame lééf die waarde van waardigheid elke dag uit. Haar goeie gesindheid en verbondenheid tot haar (dag)huis straal uit haar voort, en haar teenwoordigheid spreek boekdele.

**BARMHARTIGHEID** ***of die intense gevoel van ontferming en meelewing teenoor ander is nóg ŉ kenmerkende waarde van Huis Daglelie. Dié opregte meegevoel en begrip spreek tot die hart van elke Daglelie-dame.***

ʼn Daglelie-dame verstaan dat die lewe onvoorspelbaar is, dat omstandighede van persoon tot persoon verskil en dat ons almal ŉ helpende hand waardeer. Sy toon daarom empatie met dié rondom haar, is bereid om te ondersteun, en help graag waar sy ŉ las kan help verlig.

**TOEWYDING:** ***By jou woord bly, jou beste gee, en met oorgawe en geesdrif jouself en jou gawes aan iets toewy. ŉ Huis Daglelie-dame wy met oorgawe en geesdrif haar gawes aan haar Daglelie-familie, mede-Fonties en die gemeenskap toe. Hierdie toewyding getuig van haar verbondenheid tot die waarheid, die skone en die goeie.***

ŉ Huis Daglelie-dame word voorts geken aan haar betrokkenheid en bereidwilligheid om nie net deel te neem nie, maar haarself ook in die proses te verbeter. Sy neem verantwoordelikheid en ag haar woord as haar eer. Sy is iemand op wie staatgemaak kan word.

# Koshuisvisie

**BESTAANSREDE:**
Huis Daglelie is ŉ daghuis wat met waardigheid aan dames ŉ geleentheid bied om deel te vorm van Akademia se studentelewe.

**VISIE:**
Huis Daglelie streef daarna om ’n kultuur van verbondenheid te kweek waarin dames kan ontdek, groei en floreer.

# Sleepkoshuis vir 2026

SEDERT 2022 HUIS HENNOPS

Elke jaar word twee koshuise aan mekaar toegewys wat die jaar saam aanpak. Sleepkoshuise voer saam formele en sosiale aksies, asook projekte uit. Vir die tydperk 2025/2026 is **Huis Hennops** ons toegewysde sleepkoshuis.

# SR-koshuisvogie vir 2026




Beste voornemende Huis Daglelie-eerstejaar

Ek is Collyn Fourie, julle SR-koshuisvogie vir die termyn 2025/2026. Dit is vir my ŉ voorreg om jou by Akademia te verwelkom, hier waar denke én hart gevorm word. By Akademia sal jy nie net jou studietuiste vind nie, maar ook die geleentheid hê om deel te wees van ŉ ongelooflike studentelewe.

By Akademia skep ons ŉ ondersteunende en opwindende omgewing waar jy jou passie kan ontdek en jou eie storie kan begin skryf. Die studenteraad sien daarna uit om jou by te staan, jou vrae te beantwoord en saam met jou nuwe herinneringe te maak. Ek daag elkeen van julle uit om deel te word van elke geleentheid wat oor jou pad kom, om so ŉ gebalanseerde studentelewe vir jouself te skep. Ons sien uit daarna dat jy deel van die Akademia-familie word!

# Belangrike datums

Eerstejaarskamp || 20 tot 23 Januarie 2026

Kampusverwelkoming || 24 Januarie 2026

Daghuisverwelkoming en eerste oriënteringsaktiwiteite || 24 Januarie 2026

Eerstejaarsoriëntering || 26 Januarie tot 7 Februarie 2026

**AKSIES OM NA UIT TE SIEN:**

Sleep- en koshuisaksies

Inblynaweke

Ma-en-dogtergeleenthede

Pa-en-dogtergeleenthede

Huis Daglelie-dinee



# Belangrike kontakbesonderhede

Primaria: huisdaglelie@akademiastudente.co.za

Koshuisouer: huisdaglelie@akademiastudente.co.za

Algemene navrae: navrae@akademia.ac.za | 0861 222 888

Studentelewenavrae: mariskab@akademia.ac.za

Finansies: finansiesnavrae@akademia.ac.za

Akademia-studenteraad: sr.voorsitter@akademiastudente.co.za

Koshuisnavrae: koshuisverblyf@akademia.ac.za

# Studentesakeondersteuning

Kontak ons by studenteondersteuning@akademia.ac.za of stuur ŉ WhatsApp na 069 807 1548 om die volgende ondersteuning te ontvang:

**Emosionele ondersteuning || Akademiese ondersteuning**
**Maatskaplike ondersteuning || Finansiële ondersteuning**
**Loopbaanadvies en -voorbereiding**

HUIS
Daglelie
SEDERT 2024

Die blommeprag van ŉ daglelie is nie net tekenend van skoonheid, vroulikheid en onafhanklikheid nie, maar ook van deursettingsvermoë, selfstandigheid en vernuwing. Dié blom, wat open as die son opkom, herinner voorts van verjonging en die sikliese aard van die lewe. Méér nog spreek die botaniese veerkragtigheid van ŉ daglelie tot ŉ dinamiese uithouvermoë in die aangesig van teëspoed.

---

# *Huis Daglelie-groet*

---

Ek groet my huis en my mede Lelie-susters.

Hier vind ons krag in vriendskap en gemeenskap.

Elke oomblik blom ons saam, in hierdie tuin vind jy jou naam.

Soos ek blom in volste prag, staan ons saam dag na dag.

# Algemene vrae

**Hoekom is dit belangrik om deel te neem aan ŉ daghuis as jy nie ŉ koshuisinwoner is nie?**

Akademia se vormingsideaal spreek tot die vorming van denke én hart, en in dié roeping speel koshuisstrukture ŉ belangrike rol.

Daghuise bied aan studente die geleentheid om heelhartig deel te word van ŉ unieke koshuiskultuur en stel hulle in staat om só Akademia se bruisende studentelewe eerstehands te ervaar.

**Wat is die koshuiskas?**

Die koshuiskas is ŉ jaarlikse bedrag van R375 wat deur elke student betaal word om deel te neem aan ons bruisende studente- en koshuislewe. Daardie finansies word gebruik om verskeie sport-, kultuur-, gemeenskaps- en sosiale aksies moontlik te maak.

Let wel dat daar moontlike addisionele kostes vir sosiale geleenthede binne die koshuis mag wees.

**Waar word huiskomiteevergaderings gehou?**

Huiskomiteevergaderings word in Huis Daglelie se huiskomiteekantoor gehou, wat op die Leriba-kampus geleë is.



HUIS
Daglelie
SEDERT 2024

Vir enige navrae kan die koshuisbestuur gekontak word by huisdaglelie@akademiastudente.co.za

Gaan loer gerus na Huis Daglelie se Instagram-blad: @huis_daglelie

***Mag 2026 'n wonderlike jaar vir jou wees waarin jy groei en blom!***